
Rm 5:2a: DIE WONDERLIKSTE LEWE OP AARDE

E203

Rm 5:2a : Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan.

Die hooftema van Romeine se leerstellige deel is *regverdiging deur die geloof alleen*.

Die groot waarheid wat Paulus in h.5-8 wil tuisbring, is die *onomkeerbare finaliteit en onwankelbare sekuriteit van die ware gelowige se redding* - na regverdiging deur die geloof. Weliswaar is hoofstukke 6 en 7 'n onderbreking van hierdie tema, as die apostel sekere besware teen sy lering oor die volkomenheid van redding in Christus beantwoord. Maar in hoofstuk 8 hervat hy sy oorkoepelende tema oor die gelowige se ewige sekuriteit in Christus (vgl. 8:1 en 8:31-39).

In die eerste verse van hoofstuk 5 noem Paulus 3 gevolge of implikasies van regverdiging. Kyk hoe begin die gedeelte: "*Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is ...*" (5:1). Hierdie dinge is waar van almal wat deur die geloof geregverdig is: ons is met God versoen; ons verkeer in 'n staat van genade; en die heerlijkheid van God is ons sekere bestemming.

Laas keer het ons na die eerste van hierdie gevolge gekyk. Nou die tweede.

Ons teks nader bekyk

"Vrye toegang verkry"

Die werkwoord "verkry" is in 'n vorm wat dui op die voortgaande resultaat van 'n handeling in die verlede. Elke geregverdigde gelowige het hierdie toegang dus op 'n stadium verkry en geniet dit steeds - hy of sy het dit eens en vir altyd verkry.

Regverdiging is dus nie 'n proses soos heilgemaak nie. Ons raak nie al hoe meer

geregverdig nie. Regverdiging is 'n enkele handeling van God wanneer Hy verklaar dat ons nie meer onder Sy toorn is nie, maar vrygespreek en met Christus se geregtigheid bekleed is. Tot in ewigheid sal ek juridies gesproke niks meer geregverdig wees as nou nie. Van die begin af is my geregtigheid in God se boeke die volmaakte geregtigheid van Jesus Christus wat aan my gekrediteer is!

Die selfstandige naamwoord "toegang" (Gr. *prosagoge*) is interessant en betekenisvol.

In die klassieke Grieks dui die woord soms op 'n plek waar skepe kan skuil - op 'n hawe. Dit is aantreklik om die begrip so te vertolk hier. Die uitdrukking sou dan daarop sinspeel dat die Here Jesus ons vanuit die stormsee van sonde en oordeel in die veilige hawe van God se genade ingebring het.

Maar die begrip het 'n nog meer fassinerende betekenis - *om deur iemand wat kwalifiseer aan 'n vername persoon voorgestel te word* - en so word dit waarskynlik hier gebruik.

In die buite-Bybelse Grieks verwys dit dikwels na die voorstelling van 'n persoon aan iemand van gesag. So word dit byvoorbeeld gebruik vir die voorstelling van 'n ambassadeur aan 'n koning.

Hierdie uitdrukking wil dus sê dat Jesus Christus op grond van Sy eie soenverdienste, deur die werk van die Heilige Gees, ons eens en vir altyd in die Vader se teenwoordigheid ingelei het en ons aan Hom voorgestel het met die oog op die voortgaande ontvangs van Sy genadeguns.

"Hierdie genade waarin ons nou vasstaan"

God se genade is Sy onverdiende guns wat aan sondaars die teendeel gee van wat hulle verdien.

Die werkwoord ("vasstaan") is nogeens in die perfektum, waarmee Paulus wil sê dat ons begin staan het toe ons geregverdig is en steeds staan. Hy wil dus die voortgaande permanensie daarvan onderstreep. *Ons leef in die sfeer van God se genade* - en dis 'n voortgaande realiteit.

Ons is dus nie in en uit die sfeer van genade, afhange van hoe ons vaar nie. Ons het nie net nou en dan die voorreg om voor die Koning te

verskyn nie; ons leef in Sy paleis as Sy kinders!

As Petrus sy eerste brief afsluit, sê hy, soos dit gebruiklik was, wat sy doel is met die skryf daarvan: "Ek het geskrywe om julle te bemoedig en julle te verseker dat hierdie dinge die ware genade van God is. Staan hierin vas!" (1Pt 5:12). Hy wil dus sy lesers op die hart druk om met alle erns steeds gelowig te leef in die onuitspreeklike voorreg van vrede en liefdesgemeenskap met God. Dis nie voorbarigheid nie; dis geloof.

Dis betekenisvol om te let op die subtiele verskil tussen Rm5:2 en 1Pt 5:12. Terwyl ons teks in die indikatief is (dit beskryf 'n staat waarin ons verkeer in die Here se onuitspreeklike genade), is Petrus se uitspraak 'n imperatief (dis 'n bevel wat ons moet gehoorsaam). Uiteraard is hierdie nie 'n teenstrydigheid nie; dit bring 'n tipiese Nuwe Testamentiese beginsel na vore: *ons moet wees wat ons is, ons moet dit met toewyding glo en ultiem leef*.

Wat sê dit alles vir ons?

As ons dan in die sfeer van God se genade leef, móét dit mos radikale implikasies vir ons lewens hê!

"In die geloof"

Kyk net hoeveel beloftes, geweldige beloftes, is daar in God se Woord vir ons opgeteken - beloftes vir hierdie lewe, beloftes wat slegs "in die geloof" omhels en uitgeleef kan word!

Het Jesus nie oor Sy dissipels gesê nie: "Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorfloed" (Jh 10:10). En: "As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei" (Jh 7:37-38). En: "Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie" (Jh 6:35).

Petrus vat dit só saam: "Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien" (2Pt 1:3).

Waarlik, ons leef in die sfeer van God se genade!

Die ou Godsmen van die negentiende eeu in Engeland, Biskop J.C. Ryle, skryf só oor die Here se beloftes in Sy Woord: "God is continually holding out inducements to man to listen to Him, obey Him and serve Him ... by spreading over the Book a perfect wealth of promises, suitable to any kind of experience and every condition of life ..." (*Holiness: Its nature, hindrances, difficulties, and roots*, p.382).

Geloof wat nie uitgeleef word nie, is nie geloof nie! Ons, as geregverdigde mense voor God, is enorm en onuitspreeklik bevoorreg om in die sfeer van God se genade te verkeer. En die verantwoordelikheid om daarvolgens te leef, rus vierkantig op ons skouers. Een van die grootste behoeftes van ons dag - eintlik van alle eeue - is dat die wêreld in Christene se lewens onontkombaar sien dat hulle God sonder twyfel leef. Hulle moet dit wat hulle in ons lewens sien, op geen ander wyse kan verklaar nie, as in terme van die lewende God. Hieronder sal ons evangelie-boodskap vir hulle net 'n naïewe, selfs absurde, fabel bly - op dieselfe vlak as ons jeugverhaaltjies oor feeë en dwergies.

Dissipelskap is bedoel om die grootste avontuur te wees wat hierdie lewe kan bied - en wanneer dit waar is, maak dit sonder uitsondering 'n reuse appél op die ongelowige wêreld om ons!

Dit sal egter net gebeur as ons die kruis van radikale dissipelskap met beslistheid en integriteit opneem; as ons eens en vir altyd klaarkry met ons self-lewe en met die najaging van hierdie wêreld se kompensاسies. Dit word net 'n werklikheid in lewens wat al hulle brûe verbrand en onomkeerbaar in die geloof uitstap op die waters van God se beloftes.

Dit is betekenisvol dat die ander twee plekke in die Nuwe Testament waar die werkwoord "toegang verkry" gebruik word, heel waarskynlik op gebed betrekking het (Ef 2:18; 3:12). Ook wat ons gebedslewe betref, leef ons dus in die sfeer van God se genade. 'n Armsalige beskroomdheid is onvanpas wanneer ons die troon van genade nader. Nee, die gebed wat God behaag, is *vrymoedige* en *gelowige* gebed. Een van die Engelse hymns

verwoord dit baie goed: "Thou art coming to a King; large petitions with thee bring; for His grace and power is such, none can ever ask too much."

Waarom moet soveel van ons met skaamte bely dat daar bloedweinig gekom het van ons entoesiasme, voornemens en verwagtinge wat met ons bekerings gepaard gegaan het? Waarom dryf duisende kerkmense bloot af in die rustige stroom van kleinburgerlike konvensionaliteit en vaal gemiddeldheid? Waarom waad sóveel Christene dag na dag deur 'n moeras van teleurstelling en verdelde drome? Waarom is so baie Christene, as hulle enigsins eerlik is, eindeloos verveeld met hulle Christenskap? Waarom raak mense vandag by die duisende net weg uit die kerk uit?

Sekerlik is daar baie redes voor, maar gewis het *kleingeloof* baie daarmee te doen. Hoe min Christene weet dat hulle in die sfeer van God se genade leef? Hoeveel glo dit? En hoeveel leef vasbeslote en enkelhartig daarvolgens?

Hierdie kleingeloof het baie simptome: halfhartigheid en wêreldgelykvormigheid; 'n verbeterde vasklou aan die sekuriteite, kompensاسies en gemak van hierdie lewe; wantroue in die beloftes van God en in die God van die beloftes; konformering aan die idees, waardes en styl van 'n valse kerk; 'n weg-rasionalisering van ons klinkklare roepinge as dissipels van Jesus; 'n duisend kompromieë wat poog om die kosyne van die nou poort wyer uit te stoot en die skouers van die smal pad steeds breër te skraap.

Nee, laat ons leer by die reuse van weleer. Die gallery van geloofshelde in Hb 11 bevat die uitdrukking, "deur die geloof" (OAV), 21 keer. En wie is die helde van die kerkgeskiedenis? Wie het die meeste tot eer van die Here vermag? Dié wat geweet het dat hulle in die sfeer van God se genade leef, wat dit in die geloof omhels het, en vol verwagting in God se getrouheid en almag op die see van plig en roeping uitgestap het.

William Carey se motto was reg: "Attempt great things for God, expect great things from God." En luister na C.T. Studd: "Some people like to life and dwell, within the sound of church and chapel bell; but

I, I, want to run a rescue-shop within a yard of hell!"

"Deur Hom"

Nou is dit kardinaal belangrik om te verstaan dat ons God nie verheerlik deur Hom in eie krag te probeer dien nie - al is ons harte ook hóé dankbaar en opreg. Nee, ons moet leef vanuit die middelaarskap van ons Here Jesus Christus; vanuit die feit dat Hy onfeilbaar as Hoëpriester vir ons intree; vanuit ons sekerheid dat Sy beloftes as God se groot Profeet absoluut betroubaar is; vanuit ons wete dat geen weerstand voor Sy Koningskap kan standhou nie.

Ons verheerlik God deur met die grootste vrymoedigheid elke dag vanuit Sy genade te leef, deur voortdurend diep teue te drink vanuit Sy fontein van heil. Hy wil hê dat alles wat ons is en doen as Christene voortvloei vanuit die krag wat Sy genade verleen.

'n Dankbaarheidslewe is dus nie om in reaksie op God se genadeguns vir 'n slag nou weer my kant te bring nie. Dis om voort te gaan om te leef vanuit die krag wat Hy verleen. In ons verhouding met ons medemens is die spreekwoord oor die gee van die pinkie en die gryp van die hele hand baie ter sake, maar in ons verhouding met die Here het dit geen plek nie. As Hy dan eenmaal gegee het, moet ons lewenslank aanhou om weer en weer te vra en te vat. Só wil Hy hê moet ons leef; só word Hy verheerlik. Luister na C.H. Spurgeon: "We shall bring our Lord most glory if we get from Him much grace. If I have much faith, so that I take God at His Word ... I shall greatly honour my Lord and King."

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.

* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500; E: nico.vanderwalt@reformed.org.za Tel. 044 696 6526, 082 848 9396.

* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)

* Weeklikse woord 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906